higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

8 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou


VRAAG 1

1.1 1.1.1 MSB – meesbeduidende bis,✓ die bis met die hoogste plekwaarde in 'n binêre getal✓

1.1.2 LSB – minsbeduidende bis,✓ die bis met die laagste plekwaarde in 'n binêre getal✓

(2 × 2) (4)

1.2 1.2.1




1.2.2



(2 × 2) (4)

1.3



(10 × 1) (10)

1.4
- Wipkring ('Flip-flop')
- Register (2)

1.5 1.5.1 $5_{10} = 0101_2$,✓ $11_{10} = 1011_2$✓
$0101_2 - 1011_2$

$+0100_2$ 1ste komplement✓
$\underline{0101_2}$ dra nie onder✓
1001_2
$-\ 0110$ 1ste komplement met negatief✓
$= -0110_2$ (5)

1.5.2 $1011_2 \times 1001_2$

1 0 1 1✓
1 0 0 1✓
1 0 1 1✓
0 0 0 0
0 0 0 0
1 0 1 1 +✓
1 1 0 0 0 1 1_2✓ (5)

[30]

VRAAG 2

2.1
- 'n Rekenkundige logika-eenheid werk as aftrekkings-, vermenigvuldigings-, optelling- en deling- asook logikabewerking, soos om getalle te inkrement en te dekrement.
- 'n Beheereenheid verkry instruksies van die geheue af en dekodeer dit en voer dit dan uit. Die beheereenheid beheer wat binne die sentrale verwerkingseenheid plaasvind.
- Registers word gebruik om inligting te stoor wat by programuitvoering betrokke is. Registers tree as 'n tydelike stoorplek vir die rekenkundige logika-eenheid op. (2 × 3) (6)

2.2 2.2.1 Volle dupleksseine (kommunikasie) kan terselfdertyd✓ in albei rigtings oor een lyn vloei.✓

2.2.2 'n Parallelle koppelvlak is 'n multikanaal waarin data gelyktydig oor afsonderlike drade oorgedra word.


2.2.3 Inset word deur een of ander insettoestel in die rekenaar gevoer.✓ Die toestel laat 'n gebruiker toe om data en bevele in die rekenaar se geheue te voer.✓

2.2.4 'n Wye-areanetwerk (WAN) is 'n groot netwerk wat in groot geografiese gebiede werk, soos van een stad na 'n ander of van een land na 'n ander, en waarvan die kommunikasieskakels nasionale grense kan oorkruis.

2.2.5 'n Nodus is 'n rekenaar wat aan 'n netwerk gekoppel is, en word soms 'n 'gasheer' genoem.

(5 × 2) (10)

2.3



(9 × 1) (9)
[25]

VRAAG 3

3.1 Die herwinblik tree as 'n vangarea op vir uitgewiste items soos lêers en lêergidse. (2)

3.2
- Gaan na die lêernaam van die lêer wat jy wil saampers.
- Regsklik om 'n dialoogblokkie oop te maak.
- Beweeg jou merker oor Send To, wat die geminimeerde blokkie in die Send To-ikoon sal oopmaak om verskillende opsies te wys.
- Kies Compressed Folder en linksklik. (4)

3.3
- Jou rekenaar sal die End Program-dialoogskerm wys✓ wanneer of as dit bewus raak dat die toepassing nie meer behoorlik werk nie.✓
- Kies End Program en die rekenaar sal probeer om die toepassing te forseer om toe te maak.✓ (3)

3.4 'n Nutsbalk is 'n horisontale of vertikale blok knoppies en ikone waarop jy met 'n muis in 'n program kan klik.✓✓

Die kieslys is die stelsel wat onmiddellike toegang bied✓ na dokumente wat onlangs oopgemaak is, rekenaarstellings, geïnstalleerde programme, hulp, gunsteling-Internetwebtuistes en die afskakel-kieslys.✓✓ (2 + 3) (5)

3.5 As jy 'n lêer of lêergids permanent wil uitwis en jy wil dit nie na die herwinblik stuur nie, hou die wisselsleutel in wanneer jy die uitwis-opsie op die paneel kies. Dit sal lei tot 'n onmiddellike, permanente uitwissing van die lêer of lêergids van jou stelsel. (2)

3.6
- Verander die agtergrondmuurpapier
- Verander die posisie van die beeld op jou skerm
- Verander die agtergrondkleur (3)

3.7 Minimeer is wanneer jy 'n venster kleiner maak sodat die naamoortjie onderaan die skerm sit, wat beteken ander programme of dokumente kan vertoon word terwyl die geminimeerde program of dokument steeds loop.
Maksimeer is wanneer jy 'n program of dokument vergroot of van minimeer af herstel sodat die venster die skerm vul en jy daarop kan werk.
Grootteverstelling is wanneer jy die 'maksimeer'-knoppie druk wanneer die venster reeds gemaksimeer is, waarna die venster se grootte verstel sal word tot ongeveer driekwart van die gemaksimeerde grootte. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 4

4.1

Items	Kenmerke	Basies of Gevorderd	Beskrywing
1	WYSIWYG	Gevorderd✓	Die dokument verskyn op die redigeerskerm presies soos dit op die finale gedrukte kopie sal lyk✓
2	Lêerbestuur	Gevorderd✓	Skep, bestuur en uitwis van dokumente as lêers✓
3	Kopieer teks	Basies✓	Voeg teks in die dokument✓

(6 x 1) (6)

4.2 'n Aftrek-kieslys is 'n navigasie-kieslys wat aftuimel wanneer jy met 'n muis daarop klik en dan die konteksverwante opsies vertoon. (2)

4.3 CTRL + P (2)

[10]

VRAAG 5

5.1 'n Belkonneksie is 'n algemene soort Internetverbinding wat van Internetdiensverskaffers beskikbaar is.✓ Dit stel jou in staat om met die Internet te verbind deur 'n telefoonnommer te skakel wat deur jou Internetdiensverskaffer aan jou gegee is✓ en deur 'n standaard-5K-modem.✓ (3)

5.2 'n Kabelverbinding word beskou as een van die beste soorte Internetverbindings beskikbaar, aangesien dit 'n baie vinnige en betroubare verbinding teen 'n vaste maandelikse fooi bied.✓ 'n Kabelverbinding gebruik 'n heeltemal afsonderlike medium om data oor te dra✓ en dit het geen uitwerking op jou vermoë om telefoonoproepe te maak of te ontvang nie.✓ (3)

5.3 3G is 'n derde generasie van selfoonstandaarde en tegnologie✓ wat aan gebruikers hoë spoed, wyearea-Internettoegang, data, video en CD-gehalte-musiekdienste bied.✓ Met 3G kan jy bykans enige tyd en van enige plek af toegang tot data en inligting verkry.✓ (3)

5.4 Asymmetric digital subscriber line (1)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou